# Sluit hierdie universiteite

**Vrydag moes voorleggings oor min. Kader Asmal se samesmeltingsplanne vir hoëronderwysinstellings by hom wees, en sy finale planne sal nou binne afsienbare tyd bekend wees. Intussen kyk JONATHAN JANSEN nugter na die eertydse swart universiteite se situasie.**

Ek wil 'n argument oor die histories swart universiteite aan die gang sit dat dit nou tyd is om hulle te sluit.

Ek soek nie sommer net rusie nie. Kyk maar na die blote feite: van 1993 tot 1999 het die getal swart studente toegeneem van 191 000 tot 343 000 – 'n toename van 80%, of 152 000.

Dit het meegebring dat 59% van die totale studentetal in hoëronderwysinstellings nou swart is.

In dieselfde tydperk het die getal swart studente aan die histories Engelse universiteite met 10 000, of 100%, toegeneem en met 56 000, of 1 120%, aan die histories Afrikaanse universiteite.

Daar is gevolglik nou meer swart as wit studente aan die eertydse wit universiteite. Maar die veranderings is nie net van 'n rasse-aard nie. Ja, personeelpatrone in die ou wit inrigtings het stadiger verander wat ras en eerste taal betref. By dié instellings word die institusionele kultuur – die simbole, rituele en gedragspatrone van 'n nasionale minderheid – ook nog bevoordeel. Maar net die blindes sal ontken dat hierdie patrone ook besig is om te verweer.

Laat ek ter wille van die argument verder teruggaan. Om mee te begin, was alle inrigtings in die wydste sin van die woord apartheidsinstellings. Dit sluit in die eertydse Unisa-kolleges, wat later "swart" universiteite geword het, en die Universiteit van Fort Hare. Hul mandaat en missie is beïnvloed deur maatskaplike segregasie en skeefgetrekte finansiering.

Tweedens is nie alle inrigtings in gelyke mate deur apartheid geraak nie.

Die histories swart universiteite (HSU's) het nooit die vermoë ontwikkel om lewensvatbare en volhoubare hoëronderwysinrigtings te word nie. Hulle het nooit die vermoë ontwikkel om lewensvatbare navorsingsinstellings te word wat in die internasionale mark kan meeding nie.

In dié verband het ons die fout begaan om die simbole van die universiteit (soos gradeplegtighede) vir die substansie van die universiteit (soos navorsingsgeriewe van gehalte) aan te sien.

Dis waar dat die HSU's wel 'n aantal briljante individue gelewer het, mense soos Chabani Manhanyi, Onkgoposte Tiro en Hein Willemse, maar die punt wat ek wil stel, is 'n institusionele een.

Die konseptuele toerusting om die debat oor die samesmeltings te kan voer, is erg beperk onder die linkses, die ongeorgani-

seerdes en, in sommige gevalle, die boewe wat hulle vergryp aan radikale diskoers terwyl die agenda gewoon anargie en vernietiging is.

Die argumente teen samesmeltings is dikwels in kru rassistiese taal, terwyl die HSU's se leiers die voorgestelde kombinasies kritiseer as 'n aanval op die swart armes. Die argumente is dikwels a-histories en die feit dat swart mense geen ander keuse gehad het as om aan die sogenaamde bos-universiteite te studeer nie, word nie in ag geneem nie.

Dit ontbreek die argumente aan kontekstuele geldigheid en terme soos "histories swart en wit" word aan die Amerikaanse situasie ontleen, waar swart Amerikaners duidelik altyd 'n minderheid in 'n wit oorheersde gemeenskap sal wees – al "verbruin" state soos Texas en Kalifornië in 'n tempo wat wit bekrompenes hewig ontstel.

Die argumente is dikwels skynheilig, want die middelklasleierskap van die HSU's stuur voor die voet hul kinders na wit universiteite.

Daar word ook nie rekening gehou met 'n aantal onaangename werklikhede op die grond nie.

Een daarvan is dat, in weerwil van 'n dekade waarin die HSU's spesiaal gefinansier is, meer as 80% van die land se navorsing steeds deur dieselfde ses histories wit universiteite gedoen word. Dis nie die HSU's se skuld nie. Die probleem is dat die bedoeling nooit was om hulle uitnemende inrigtings vir navorsing en studie te maak nie.

Nog 'n onaangename werklikheid is dat die reuse-bedrae geld wat nodig is om hulle wel in uitnemende inrigtings om te skep eenvoudig nie in die huidige makro-ekonomiese of enige ander bedeling beskikbaar sal wees nie. Om net 'n ordentlike navorsingsbiblioteek by 'n enkele instelling te vestig en in stand te hou, vereis miljoene der miljoene rande – wat nog biblioteke by 36 van hulle!

Dit beteken *nie* dat die eertydse wit universiteite naastenby wêreldgehalte-instellings is of dat hulle nie ook 'n aansienlike aantal erg middelmatige akademici – baie van hulle regstellende aanstellings uit die vorige bedeling – huisves nie. Nog minder beteken dit dat dié inrigtings se transformasie selfs begin tasbare resultate toon wat betref personeelvoorsiening, leerplanne en kultuur.

Dit beteken wel dat die gehalte van hul fisieke infrastruktuur, die omvang van beskikbare bronne vir ontwikkeling en die blote feit dat hulle openbare instellings is vir hoër onderwys vereis dat hulle deur alle Suid-Afrikaners, swart en wit, benut word in die strewe na akademiese uitnemendheid.

As samesmeltings enigiets bereik, sal dit wees dat hulle die fasade van die historries swart universiteite wegkalwe sodat die verskriklike vermorsing van sulke instellings aan die lig kom en dat eise gehoor word dat die wit inrigtings hul opgegaarde bronne heraanwend vir *alle* Suid-Afrikaners. Voorts bly die uitdaging om die rassekomponent uit die voorheen wit universiteite te haal en om in die ontwikkeling van die nuwe institusionele kulture te belê.

En die HSU's?

Hulle moet benut word om in die plattelandse gebiede op beperkte vakgebiede 'n fokus van hoë gehalte te skep, byvoorbeeld landbouwetenskap en kultuurstudie aan Fort Hare.

Dit alles in ag genome, is my argument oor die sluiting van die HSU's 'n konseptuele oproep, eerder as 'n eenvoudige en letterlike een.

● *Prof. Jonathan Jansen is dekaan van die fakulteit opvoedkunde aan die Universiteit van Pretoria.*